‘n Boudjie van my vroutjie!

‘n Kort, komiese, tong-in-die-kies eenbedryf

deur

Nico Luwes

Vrye verwerking van Roald Dahl se kortverhaal, *Lamb to the Slaughter*

04/11/2014

Dept. Drama en Teaterkuns

UV

Bloemfontein

(c) luwes@ufs.ac.za 0823742485

Opvoerregte verkrygbaar by Dalro

NUWE E-POSADRES: profnicoluwes@outlook.com

Stel

‘n Oopplan woonstel met ‘n eettafel, stoele, buffetkas met eetgerei waarop borde, ‘n bakskottel, glase en ‘n waterbeker uitgestal is. Daar is ook twee gemakstoele met ‘n koffietafel waarop Petrus se koerant lê. Op die sy-tafeltjie by Marie se gemakstoel ‘n handspieëltjie. Iewers ook ‘n horlosie – verkieslik ‘n Mantelpiece – ’n staanhorlosie word in die gang gesuggereer.

Agter middel word ‘n ingangsportaal gesuggereer met die voordeur van die verhoog af regs. Die gang lei dan links agter na ‘n geïmpliseerde kombuisie. Dit lyk baie huislik. Daar is ‘n radio op die verhoog en die verteller se stem, wat vooraf opgeneem is vir die stuk, kom ‘kamstig’ oor die radio en die verteller se karakter word dan ook as “radio” in die karakterlys en in die teks aangedui. Die stuk word dus gedeeltelik as radiodrama en as realistiese toneel gespeel. Die verteller vertel in die verlede tyd terwyl die realisties tonele in die hiér en nóú afspeel.

Die winkeltoonbank in ou Sampie se winkel kan of voor van die verhoog geplaas word of agter op ‘n rostrum. Die twee areas moet apart verlig kan word.

Karakters

Radio - Manlik of vroulike stem wat vooraf opgeneem is.

Marie Vermeyer – ‘n Jong huisvroutjie. Valerig, absoluut verlief op haar man.

Petrus Vermeyer (Skaat) – haar man.

Sampie – ‘n Goedige winkeleienaar (Sou ook ‘n vrou, Sammie, kom wees)

Buksie Scholtz – ‘n Jong, bangerige polisiekonstabel op radiodiens en verhoog.

Sersant Straatvalk Venter – Petrus se polisiekollega. Ongelukkig getroud.

Blits Trichardt– Polisie inspekteur wat rang gooi.

Flash van Dyck– Polisiefotograaf en ‘kunstenaar’ (Nie die manlikste lid van die SAP nie en indien gespeel deur ‘n vrou, nie die vroulikste lid van die SAP nie en sy sou die naam, Flash, kon behou!)

Stitch van der Merwe – Ambulansman of –vrou.

Driver Derksen – Ambulansbestuurder (Man of vrou)

Toneel 1

(Dis laatmiddag. Marie sit ek brei of hekel by die tafel. Sy is die valerige, huislike tipe wat alles vir haar geliefde man sal doen. Sy luister na die soetsappige musiek oor die radio. Soms kyk sy op haar polshorlosie. Dis asof sy na ‘n radiodrama luister, want die verteller se stem kom oor die musiek)

Radio: Marie Vermeyer het elke middag rustig gewag dat haar dierbare man van die werk af moet kom. As sy op haar horlosie sou kyk het sy altyd ‘n warm, liefdevolle gevoel ervaar, want elke oomblik wat verbygetik het beteken dat haar liewe man, Petrus, vir wie sy haar eie troetelnaampie, Skaat, gegee het, binnekort by die deur sou instap.

(Oor die musiek hoor ons ‘n motor buite stilhou, die deur gaan oop en toe en voete stap op gruis buite. Die voordeur word (van die verhoog af) oopgesluit en Petrus verskyn in die ingangsportaal. Marie staan op en gaan gee hom ‘n intieme drukkie terwyl hy sy jas ophang)

Marie: Hallo, my Skaat.

Petrus: Hallo.

(Die musiek oor die radio speel steeds en die verteller se stem kom by. Marie gaan gooi vir Petrus watertjies in en hy kom sit en lees sy koerant)

Radio: Dié tyd van die dag was altyd vir Marie die saligste! Sy’t geweet dat haar geliefde Skaat, haar Petrussie, nie baie sou praat voordat hy eers sy glasie water klaar gedrink het nie. Sy was heel tevrede om net so doodstil en geduldig te sit en wag en na al die lang ure alleen by die huis sy teenwoordigheid te geniet. O, hoe het sy nie sy warme dáár wees liefgehad nie! Sy het eintlik álles aan en ván hom só - só innig liefgehad.

Marie: Moeg, my Skaat?

Petrus: Ja, ek is moeg. *(Hy sluk die water af en staan op om nog in te gooi)*

Marie *(spring vinnig op):* Ek sal dit kry.

Petrus: Sit. *(Hy gaan gooi self sy water in en kom sit weer en lees)*

Marie: Skaat, sal ek jou pantoffeltjies bring?

Petrus: Nee.

Marie: Ek dink dis 'n skande dat daar van jou verwag word, 'n senior polisieman, om heeldag op jou voete te bly en patrollie te moet loop. *(Pouse)* O, voor ek vergeet, daar's iets wat ek jou moet vertel. Ou tannie Stienie het vandag die ringetjietoets op my gedoen. Jy weet daai toetsie waar hulle 'n ringetjie aan 'n stukkietjie garingtjie hang? En dan swaai hulle dit so oor jou magie? En raai net wat? Dis 'n ou seuntjie. "Daar's geen twyfel daaroor nie", het ou tannie Stienie gesê. En sy was nog nooit in haar hele lewe verkeerd nie. Is dit nie opwindend nie? *(Pouse)* Skaat, kan ek vir jou 'n stukkie kaas kry? Dis Donderdag ek het nie kossies gemaak nie.

Petrus: Nee.

Marie: As jy moeg is om te gaan uiteet, kan ek gou-gou iets maak. Dis nog nie te laat nie. Daar's nog baie vleis en goetertjies in die vrieskas en jy kan dit net hier eet - jy hoef nie eers uit jou stoel op te staan nie. *(Pouse. Sy wil opstaan)* In elk geval, ek kry gou eers solank ons 'n kasie en soutbeskuitjies.

Petrus: Sit. Ek wil dit nie hê nie.

Marie: Maar jy moet ietsie vir aandete eet. Ek doen dit sommer maklik. Ek sal daarvan hou om dit te doen. Ons kan lamtjops eet of 'n stukkie vark. Enigiets wat jy wil hê. Alles is in die vrieskas.

Petrus: Los dit.

Marie: Maar Skaat, jy moet iets eet! *(Sy sit haar brei of hekelwerk neer en staan op)* Ek sal dit in elk geval maak, en dan kan jy besluit of jy dit wil eet of nie – net soos jy wil.

Petrus *(Sit sy koerant neer en staan op):* Sit. Net vir 'n minuut... Sit. Toe-toe! Sit. *(Marie gaan sit stadig)* Kyk daar is iets wat ek vir jou moet sê.

Marie: Wat is dit, Skaat? Wat is fout?

Petrus: Kyk, ek's bevrees dit gaan so bietjie van 'n skok vir jou wees. Maar ek het dit lank en goed deurdink en ek het besluit dat dit die regte ding sal wees om jou reguit te sê. Ek hoop nie jy blameer my te veel hieroor nie.

Marie: Ek sal jou nooit vir enigiets blameer nie, Skaat, jy weet dit tog.

Petrus: Die waarheid is, Marie... Ek wil jou verlaat. Jy verstaan my, nê? Ek wil jou verlaat.

Marie: Jy bedoel dit nie.

Petrus: Ja, ek bedoel dit. En wat meer is, ek wil van jou skei. Daar's iemand anders waarmee ek wil trou. En dit is regtig maar net dit. Ek het haar lief en sy vir my.

(Daar groei 'n klank soos 'n diep dreuning oor die radio. Dis is asof dit in haar kop gebeur en sy hom nie kan hoor praat nie. Petrus mimeer sy

woorde wat ons ook nie kan hoor nie. Bo-oor die dreuning kom die verteller se stem)

Radio: Netso. Presies net so het Petrus Vermeyer dit vir haar vertel. En dit het nie lank gevat nie – miskien net vier of vyf minute. Haar eerste instink was om dit glad nie te glo nie. Dit het haar opgeval dat hy dalk glad nie eers gepraat het nie – dit nooit gesê het nie, dat sy haarself dit net verbeel.

(Die diep dreuning oor die radio verdof en ons hoor Petrus se woorde oor dit die dreuning)

Petrus: So dis soos dit is. Ek weet dis bietjie van 'n slegte tyd om dit nou vir jou te sê, maar daar is geen ander manier nie. Ek sal natuurlik vir jou geld gee en toesien dat jy versorg word. Eintlik behoort dis glad nie 'n hele palawa te wees nie. Ek hoop nie so nie. Dit sal my beeld by werk skade aandoen.

(Die diep dreuning oor die radio groei weer, Petrus mimeer nog woorde wat ons nie hoor nie en bo-oor die dreuning kom die verteller se stem)

Radio: Vir Marie het dit gevoel of hy met elke aaklike woord verder en verder van haar af wegdryf. Sy't gedink dat as sy haarself verbeel en oortuig dat daar niks gebeur het nie, sy later sal besef dat dit régtig nooit gebeur het nie.

(Die dreuning doof uit tot baie sag. Marie staan stadig op)

Marie *(fluister):* Ek kry die aandete... *(Sy beweeg asof in 'n dwaal agtertoe na die ingangsportaal en uit na die kombuis)*

(Die diep dreuning oor die radio groei weer. Petrus kom sit weer by die eetkamertafel met sy rug na die ingangsportaal en lees sy koerant. Marie doen basies wat die verteller sê. Bo-oor die dreuning kom die verteller se stem)

Radio: Soos Marie deur die vertrek na die kombuis gestap het, het alles vir haar outomaties gevoel. Uit na die kombuis... Die ligskakelaar aan... Die oopmaak van die vrieskas se deksel, haar hand wat die eerste ding raakvat waaraan sy raak... Die optel daarvan, die uithaal uit plastieksak... Die toemaak van die vrieskas deksel... Die terug loop uit die kombuis... Die lig afskakel...

(Marie verskyn met die lamsboud uit die kombuis in die ingangsportaal. Die dreuning doof uit en ons hoor haar in die stilte sag sê)

Marie: Ons sal 'n lamsboud hê... 'n Boudjie van jou vroutjie...

Petrus *(met sy rug na haar. Ongeduldig):* In Vadersnaam! Moenie vir my kos maak nie! *(Hy smyt die koerant op die tafel en begin opstaan)* Ek gaan uit. Verstaan jy nie?

(Marie het tot agter hom gestap en slaan hom met die gevriesde lamsboud een hou teen die kop. Petrus wieg effe op sy voete en slaan dan soos 'n dooie os skuins oor die tafel neer. Die tafel kantel en hy val verder tot op die vloer. 'n Vinnige verdonkering terwyl daar 'n spookagtige klank oor die radio kom, gemeng met die verteller se stem)

Radio: Marie het oombliklik geweet dat sy hom doodgeslaan het. Dis was vir haar buitengewoon hoe helder haar denke skielik geword het. Sy't blitsvinnig begin dink. Sy, die vrou van 'n polisieman het baie duidelik besef wat haar straf sou wees. Tog het dit nie vir haar op daardie

oomblik saakgemaak nie. Maar wat van haar kind? Was daar wette vir moordenaars wat verwag? Maak hulle altwee dood – die ma en die kind? Of wag hulle vir tien maande? Sy het nie geweet nie, en sy wou nie die kans waag nie.

(Die klank doof uit en die ligte doof in op Marie wat nog steeds oor die lyk buk. Sy kom stadig regop, maak 'n besliste besluit en gaan sit die lamsboud in die bakskottel op die buffet. Sy neem dit na die kombuis en ons hoor die oond se deur oop- en toegaan. Sy verskyn weer bo. Kyk na die spieël en kom sit op haar stoel, plaas die spieël voor haar en knap haar grimering vinnig en deeglik op. Sy begin haar dialoog vir die volgende toneel in die winkel oefen)

Marie: Hallo Sampie. Ek wil graag bietjie aartappels kry, Sampie. Ja, en ek dink 'n blikkie ertjies. *(Sy herhaal dit 'n paar keer tot haar grimering reg is, staan op en neem haar mandjie en gaan agter uit by die voordeur terwyl sy die woorde herhaal. Die ligte verdoof terwyl sy op pad uit is)*

(In die donker hoor ons verkeersgeluide. Die ligte doof in op Sampie se winkeltoonbank. Hy is doening met 'n stapeltjie tydskrifte. Die straatgeluide doof uit en Marie kom in)

Marie: Hallo Sampie.

Sampie: Goeienaand, Mevrou Vermeyer. Hoe gaan dit?

Marie: Goed. Ek wil graag bietjie aartappels kry, Sampie. Ja, en ek dink 'n blikkie ertjies. *(Sampie haal dit onder toonbank uit en sit dit in die mandjie)* Petrus het besluit hy is 'n bietjie moeg en hy is nie lus om vanaand te gaan uiteet nie. Ons eet mos altyd Donderdagaande 'n bietjie uit, jy weet, en nou het hy my bietjie onkant gevang met niks groentetjies in die huis nie.

Sampie: Nouja wat van 'n ou vleisie, Mevrou?

Marie: Nee wat. Ons het vleis. Ek het 'n heerlike lamsboudjie in die vrieskas.

Sampie *(ietwat afgehaal):* O...

Marie: Ek hou eintlik nie daarvan om dit so gevries in die oond te sit nie, maar ek sal maar 'n kansie vat vanaand. Dink jy dit sal reg uitkom?

Sampie: Aag, persoonlik glo ek nie dit sal 'n verskil maak nie. Wil u nie van hierdie lekker tjipsaartappels hê nie?

Marie: O, ja. Ek sal net so tweetjies van hulle vat, asseblief.

Sampie *(gee vir haar die goedere):* Nou wat 'n ietsie agterna? Wat gaan jy hom vir 'n ou ietsie agterna gee?

Marie: Wel... Wat stel jy voor?

Sampie: Wat van 'n lekker dik stuk kaaskoek? Ek weet hy hou sommer baie daarvan!

Marie: Perfek. Hy is mal daaroor. *(Sam sit dit onder toonbank in 'n skuimplastiekbakkie en sit dit ook in haar mandjie. Sy betaal hom en hy gee haar kleingeld)* Dankie en lekker aandjie, Sampie. Goeienaand. *(Sy stap uit terwyl die lig uitdoof)*

('n Strelende, sentimentele stukkie musiek word gehoor en die verteller se stem kom rustig daaroor)

Radio: Toe Marie uit die winkel stap het sy haarself vertel dat al wat sy doen, is

om rustig huis toe te stap waar haar man vir haar en sy aandete wag. Sy moet dit so smaaklik moontlik gaarmaak, want haar Skaat is baie moeg. En as sy by die huis inkom en sy toevallig iets vreemds opmerk, of iets verskriklik tragies vind, dit natuurlik vir haar 'n skok sal wees en dat sy histeries van ontsteltenis en verdriet sal word. Tussen ons, sy het nie eers verwág dat sy enigiets vreemds sou vind nie. Sy was maar net, doodnormaal op 'n Donderdagaand met die groente op pad huis toe om aandete vir haar liewe man te kook.

(Die musiek en radiostem doof uit en die lig gaan aan in haar huis. Marie verskyn in die ingangsportaal. Sy neurie nog die sentimentele deuntjie wat pas oor die radio gespeel het)

Marie: Skaat? Petrussie? Hoe gaan dit, Skaat? *(Sy sit die groente neer en kom af na die eetkamer. Sy sien hom op 'n vreemde manier op die vloer lê, hardloop af na hom en begin geskok oor sy lyk weeklaag. Sy vlieg op, kry haar selfoon in die handsak en begin haastig skakel. Sy is natuurlik half histeries)* Kom! Kom dadelik! Dis Skaat.... Dis Petrussie... Hy's dood!

Buks *(paraat op radio):* Wie praat?

Marie: Mevrou Vermeyer. Mevrou Marie Vermeyer.

Buks: Mevrou Vermeyer? U bedoel hy... Ons Sersant Petrus Vermeyer is dood?

Marie: Ek dink so. Hy lê op die vloer en ek dink hy is dood.

Buks: Ons kom dadelik.

Vinnige verdonkering en polisie-sirenes kom aangejaag)

(Die ligte doof weer in en Marie staan verskrik in die voorportaal as die polisie binnekom. Petrus se groot vriend in die polisie, Sersant Straatvalk Venter en 'n speurder in privaatklere, Blits Trichardt, kom eerste in. Soos hulle afkom en by die lyk kom sit en vir lewe voel verskyn daar nog 'n verskrikte jong polisiemannetjie ook in die voorportaal. Sy naam is Buksie Scholtz en hy haal onmiddellik se keps uit respek af. Dis duidelik die eerste keer dat hy 'n lyk sien).

Marie *(nog agter in die portaal):* Is hy dood?

Straatvalk: Ek is bevrees, ja, Mevrou. My ou kollega is beslis dood.

Blits *(aan Buksie):* Buksie. Gaan haal vir my 'n kombers in die Vên.

Buksie: Reg, Inspekteur. *(Hy vlieg by die deur uit en kon 'n rukkie later versigtig weer met die kombers in)*

Straatvalk: Wat het gebeur?

Blits: Straatvalk! Wie ondersoek hierdie saak? Ek of jy?

Straatvalk: 'Skuus, Inspekteur. Dis net... hy was my ou groot maat...

Blits: Mevrou, wat het gebeur?

Marie *(speel die rol van die arme geskokte weduwee perfek):* Inspekteur, my dierbare man was alleen by die huis toe ek gou by die winkel was. Ek wou ertjies en 'n twee aartappeltjies koop wat so lekker by die lamsboud in die oond sou pas. My Skaat... Petrussie hou tog so van aartappeltjies by sy lamsboud... En ek het vir hom en lekker dik stuk kaaskoek ook gekoop... en hy hou tog so van koek... en...

Buks *(kom met die kombers af en wil dit vir Blits gee):* Hiersô, Inspekteur.

Blits: Gooi hom net versigtig toe. Die fotograaf is nog op pad.

Buks *(begin die lyk bangerig toegooi en kyk skielik op):* Hier's 'n bloedkolletjie agter sy kop, Inspekteur.

Blits: Scholtz! Wie ondersoek hierdie saak? Ek of jy?

Marie: Hoe verskriklik! *(Sy is omtrent in ou Straatvalk se arms vir ondersteuning)*

Buks 'Skuus, Inspekteur. Maar iemand moes hom 'n *potshot* met 'n *very heavy object* gegee het!

Blits: Konstabel Scholtz!

Marie: Dis aaklig! Wie kon so wreed wees?

Straatvalk: Asseblief mense, Ag moet tog nie stry voor die arme vroutjie nie. Buksie gooi toe! *(Buks wil)*

Blits: Straatvalk! Wie ondersoek hierdie saak? Ek of jy? *(Buks lig maar weer die kombers)*

Straatvalk: 'Skuus, Inspekteur. Dis maar net...

Blits: Ja. Ja. Gooi toe, Buks.

Buks *(gooi nou finaal die lyk toe, sit sy keps, wat die hele tyd in die pad was, weer op sy kop en sê heel onvanpas):* Rus sag, Sersant Petrus Vermeyer. *(Marie piep 'n snik uit, Blits gluur Buksie aan en Buksie ontrek*

eerder na die voorportaal waar hy verwese rondstaan)

Blits: Kom mense laat ons sit. *(Almal sit om die eetkamertafel behalwe Marie wat weg van die lyk af op 'n gemakstoel sit)* Nou goed, Mevrou Vermeyer. U sê u was by die winkel. By watter winkel?

Marie: Sampie se winkel. Net hier af in die straat.

Blits *(Op)* O. Ou Sampie. Ek het sy nommer. Ons vlieg saam duiwe. Verskoon my. (*Hy het sy selfoon uit en gaan praat in die voorportaal waar ons hom hoor mompel. Buks is natuurlik in sy pad)*

(Die polisiefotograaf, Flash van Dyck, kom in en Blits beduie vir Buks om die kombers te kom afhaal en vir die fotograaf om die foto's te gaan neem. Iewers buiter kom 'n ambulans ook aan. Straatvalk het intussen weer sy arms beskermend om Marie se skouers gaan slaan)

Flash *(is beslis nie die manlikste lid van die polisiemag nie. Sy foto's is sy erns en sy kuns):* Verskoon tog, Mevroutjie, maar sal u en Strôtvôlk asb. net bietjie opsystaan... Ek moet die foto's neem. (*Hulle beweeg ietwat weg en Buksie haal die kombers af en Flash neem fotos uit verskillende hoeke. Sy beste skoot kry hy deur op die eetkamertafel te staan. Buks doen natuurlik sy bes op ook in skoot te wees soos hy die kombers vashou. Flash vergeet vir 'n oomblik waar hy is en vra eers hoflik vir Buks)* Buksie... Jy staan in my lig... *(Dan 'crack' Flash)* ... en fokkof uit my shot uit!

Buks: 'Skuus! *(Hy weet nie waar om te staan nie en beweeg maar kant toe met die kombers)*

Flash *(neem sy laaste meesterstuk):* Het hom! 'In the can!' *(Hy klim af en pak sy goed in)* Okay, Buksie, gooi maar toe.

(Intussen het die ambulanspersoneel, Stitch van der Merwe en Driver Derksen, opgedaag met 'n trollie of 'n draagbaar. Stich het beslis vir Blits gevra wat Sampie vir hom oor die telefoon gesê het. Dis duidelik dat Marie probeer luister wat Blits vir hulle sê)

Blits: Nee wat... Ou Sampie sê sy het heel normaal voorgekom... Eintlik half vrolik. Sampie sê sy wou haar man 'n lekker lamsboud gee. Ertjies... aartappeltjies, kaaskoek jy weet...

Stitch: Ai, en hy was so lief vir koek. *(Hulle kom af met die trollie. Dit lyk of Blits iets lekkers uit die kombuis ruik)*

Driver *(vir Buks en Flash):* Buksie... Flash! Wil julle nie help laai nie?

Flash *(wip sy gat in 'n krul):* Verskoon my! Driver, jy praat seker nie met my nie. Lyk ek vir jou soos 'n professionele lyk-laaier? Buksie en Stitch kan jou help. *(Hy loop na ingangsportaal en sê vir Blits op pad uit)* Something smells devine! *(Uit)*

Stitch *(Driver en 'n onbeholpe, grillende Buks, wat so vat-vat aan die lyk, rol die lyk op die trollie of die draagbaar):* Ok? Hup! Hup! Drie!

Al Drie: *(tel saam en staan op met die lyk)* OK? Hup! Hup! Drie! En daa's hy!

(Hulle stoot of dra hom af met Marie wat die prosessie volg. Buks bly staan skuins voor en haal sy keps respekvol af en hou dit teen sy bors)

Straatvalk: Wil Mevrou nie maar vanaand iewers elders gaan slaap nie? By jou suster dalk? Ek is seker my ou vrou sal ook nie omgee nie. Sy slaap baie vas. U weet...

Marie: Baie dankie. Maar, nee. Ek is so gedaan dit voel of ek nie 'n enkele tree kan loop nie. Kan ek maar hier bly, net totdat ek beter voel?

Straatvalk: Kan ons nie dalk u bed net in die spaarkamer staanmaak nie?

Marie Nie nou nie, asseblief, dalk later. *(Is daar iets agter die woorde? Straatvalk is nie seker nie)*

(Buite vertrek die ambulans)

Blits *(neem nou weer beheer):* Mevrou, u man is vermoor met 'n harde hou teen die agterkop – heel moontlik met swaar stomp voorwerp. Hoogs waarskynlik met 'n stuk swaar metaal.

Buks *(reeds weer agter in na hy die lyk in die ambulans help laai het):* Ja, 'n *potshot* met 'n *very heavy object* - 'n stuk yster of iets.

Blits *(gluur hom weer aan):* Ons soek nou na die moordwapen. Heel moontlik het die moordenaar dit met hom saamgeneem. Aan die ander kant kon hy natuurlik die wapen weggegooi of êrens weggesteek het. Hier in die huis of in die omgewing.

Straatvalk: So dis die ou storie. Kry die wapen en jy het die man. Weet u van enigiets in die huis wat dalk as die moordwapen gebruik kon word, Mevrou?

Marie *(skud net haar kop)*

Blits: Sal u omgee om 'n bietjie rond te kyk of iets nie dalk weg is of uit sy plek is nie? Miskien 'n swaar metaal vaas?

Marie: Ons het nie enige swaar metaal vase nie.

Buks: Wat van 'n groot *spanner* of so iets?

Blits: Ja of so iets?

Marie: Ek dink nie so nie. Maar, daar is miskien sulke goed in die motorhuis.

Blits: Straatvalk bly jy hier by haar en troos haar. Buks, kom. Laat ons bietjie buite rondkyk. *(Hulle gaan af)*

(Die lig verdof effe en 'n romantiese stukkie musiek kom oor die radio. Uiteraard is die vertellerstem oor die musiek hoorbaar. Straatvalk en Marie mimeer 'n toneeltjie waarin hulle blykbaar met mekaar praat en hy haar troos)

Radio: Die soektog het aan- en aangehou. Marie het geweet dat daar later nog polisiemanne buite help rondsoek het. Sy kon hulle voetstappe op die gruis hoor en soms het dit gelyk of daar weerskynsel van 'n flits teen die gordyne skyn. Teen nege uur – sy het soms na haar polshorlosie gekyk – het die polisiemanne buite begin moeg raak en sy kon 'n paar hoor vertrek.

(Lig verhelder op die verhoog en die musiek doof uit)

Marie *(effe skalks?):* Ag Valkie, kan jy vir my 'n bietjie water ingooi, asseblief?

Straatvalk: Natuurlik. U bedoel die water? *(Hy beduie na die waterbeker)*

Marie: Ja, dalk voel ek dan 'n bietjie beter...

(Hy staan op en gooi vir haar in. Blits en Buks kom bo in. Hulle lyk moeg en afgehaal).

Marie: Dalk kan u self bietjie water drink. Inspekteur, julle moet gedaan wees. Asseblief, kry vir julle. Julle was so goed vir my.

Straatvalk: Dis sal gaaf wees... Inspekteur? Buks?

(Hulle staan nader en Buks skink vir Blits en homself. Hulle drink klaar en staan onbeholpe rond. Blits snuif in die rigting van die kombuis)

Blits: Mevrou Vermeyer... U besef u oond is nog die hele aand aan en ek dink ek ruik iets daar braai.

Marie *(op):* O. Aarde, natuurlik!

Blits *(na agter):* Ek kan dit vir afsit as u wil.

Marie: Ag dit sal so gaaf wees au dit vir my doen.

(Blits gaan af. Buks breek per ongeluk 'n wind net as Blits weer terugkom. Hy gluur arme Buks aan)

Marie *(aan Blits):* Sal sal u vir my nog 'n ou gunsie doen – u en julle twee?

Blits: Ons kan probeer, Mevrou. Vra maar.

Marie: Wel, julle is nou almal hier. Alma kennisse van goeie vriende van my arme man, wat my Petrusie, my Skaatie se moordenaar probeer vang. Julle moet teen hierdie tyd verskriklik honger wees. Dis lank na aandete en ek weet my Skaat sou dit my nooit vergewe het nie, mag sy siel in vrede rus, as ek julle so lank in ons huis besig gehou het sonder om eers aan julle ordentlik gasvryheid te betoon nie. Hoekom eet julle nie maar die lamsboud in die oond nie? Dit behoort nou net perfek gaar te wees.

Straatvalk: O, nee. Ons kan nie...

(Blits en Buks lyk beslis honger en gluur vir Straatvalk aan)

Marie: Asseblief.... Asseblief eet dit. Persoonlik het ek geen aptyt nie en sal dit beslis nie kan eet nie. Ek sal nie eers daaraan kan raak nie. Veral nie oor wat in hierdie huis gebeur het terwyl daardie boud in die oond was nie. Maar julle sal kan. Ag, julle sal my ‘n guns doen om daardie boud op te eet. Daarna kan julle voortgaan met julle werk. *(Vir Blits)* Ag kry dit vir julle, asseblief.

Blits *(wink met sy kop vir Buks om dit te gaan haal):* Mevrou dit sal vir ons ‘n eer wees.

(Buks is op pad kombuis toe en Marie gee vir Straatvalk die stapeltjie borde wat dit op die tafel sit. Sy gaan sak in leunstoel neer. Straatvalk spring op en help dek aan die eetgerei)

Marie: In die kas is daar nog van my Skaat se whiskey - wat hy spesiaal vir Nuwejaar gekoop het. Ag nou sal hy dit nooit drink nie en dit sal seker daar staan en vergaan. Kry gerus...

Straatvalk: Nee ons kan regtig nie, Mevroutjie.

Blits *(reeds op):* As u daarop aandring, Mevrou...

Marie: Natuurlik. Asseblief. Ek sal nie in daardie kas kan kyk en dit te sien sonder om oor hom te treur nie. Asseblief.

(Blits kry die glase en skink vir hom en Straatvalk terwyl Buks met die pot inkom en op die tafel neersit. Hy haal die deksel af en weet nie wat op daarmee te maak nie. Hy sit dit skelm op die vloer onder die tafel

neer. Straatvalk het reeds die tafel gedek en hulle gaan sit. Buks het nie whiskey nie en gaan gooi maar vir hom 'n glasie water terwyl die ander inskep. Hy weet nie wat om met sy keps te doen nie en sit dit maar op die waterbeker. Hulle eet soos honger wolwe in die dawerende stilte. Kort kort vat een 'n diep sluk whiskey. Dis asof hulle heeltemal van Marie se teenwoordigheid in die leunstoel voor vergeet het)

Blits *(vir Straatvalk):* Nog 'n stukkie?

Straatvalk: Nee, ons kan dit nie áls opeet nie.

Blits: Maar, sy wil hê ons moet dit opeet. Sy't so gesê. Ons doen haar 'n guns!

Straatvalk: Nou maar goed. Nog so 'n skêppie.

Buks: Dit moes 'n helse groot ding gewees het waarmee daai ou ons arme Sersant Vermeyer opge-*fix* het. Ou Stitch van die ambulans, sê dit lyk of hy met voorhamer ge-*hit* is. Sy kop was so pap soos 'n vrot spanspek.

Blits: Daai moordwapen sal ons beslis baie maklik kry. Dis hoekom ons daai moordenaar vinnig gaan vastrap. Hy kan maar weet!

Straatvalk: Nes jy daar sê!

Blits: U!

Straatvalk: U daar sê.

Buks: Wie ook al die *job* gedoen het, sal seker nie daai swaar ding langer ronddra as wat dit nodig is nie. Miskien moet ons *metal detector* kry. 'n Pel van my het een Desember al twee horlosies en en goue verloofring op Hartenbos se strand gekry.

Blits: Scholtz! Wie ondersoek hierdie saak? Ek of jy?

Buks: 'Skuus.

Blits: Persoonlik dink ek, die ding is hier op die werf of in die huis. Wat dink jy Straatvalk? Miskien is dit hier reg onder ons neuse!

(Marie begin te giggel. Sy giggel onbedaarlik. Hulle raak weer bewus van haar teenwoordigheid en voel ongemaklik)

Buks: Hy *shame...* Die *shock* skop nou eers in...

(Die verhoog verdonker en komiese musiek kom op. In die verhoogbuiging staan Buks met sy keps eerbiedig voor sy bors. Blits lyk getrek en glimlag belangrik. Marie staan so net-net 'n bietjie te naby onder Straatvalk se beskermende arm!)

Die einde.

&&&&&